

Sondag 17 sep 2017

JESUS

GROEP NOTAS

- Welkom. Wat was positief van die afgelope week? Enige goeie nuus? Waarvoor is jy dankbaar? Het jy 'n getuigenis van iets wat God gedoen het?
- Watter persoon in jou lewe ken jy baie goed? Vertel ons meer van hierdie persoon... [bv. Wanneer het julle ontmoet? Die persoon se belangstellings, persoonlikheid, rol in jou lewe...]

Vir die volgende paar weke gaan ons fokus op Jesus. Ons doelwit is om Hom beter te leer ken.

Joh 14:6

Jesus het vir hom gesê: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie."

- Jesus is die WEG. Hoe dink jy voel mense oor 'lewe na die dood'? Hoe dink jy probeer mense die 'ewige lewe' kry of verdien? Wat is die enigste manier om die ewige lewe te verkry?
- Jesus is die WAARHEID. Enige ander manier of metode om die ewige lewe te verkry behalwe deur Jesus is 'n leuen. Wat Jesus sê in Sy Woord is die waarheid. Satan is 'n leuenaar. Watter leuens van satan het jy al geglo? Watter leuens van satan dink jy glo vriende en familie om jou?
- Jesus is die LEWE. Die woord 'lewe' in Grieks is "Zoe" – 'life – active and vigorous.' Sou jy sê dat jy hierdie "Zoe" lewe ervaar? Wat dink jy verhoed jou om werklik die lewe wat Jesus wil gee te ervaar?

Joh 17:3

En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U gestuur is.

- Die ewige lewe begin nie bloot eendag wanneer ons hemel toe gaan nie, dit begin reeds nou deur vir God die Vader en Jesus te ken. Soos ek Jesus beter leer ken ervaar ek meer en meer werklike "lewe" in my lewe.
- Hoe kan 'n mens enige iemand beter leer ken?
- Hoe sou jy jou verhouding met Jesus beskryf op die oomblik?
- Wat dink jy moet gebeur of verander sodat jy Jesus beter leer ken?

.....

- ✓ Bid vir mekaar.
- ✓ Bid vir vriende & familie.
- ✓ Bid vir enige situasies of relevante nuus wat gebed nodig het.